



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 4 AUGUSTUS 2024

ELFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

DE EIKE SE VROUE

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

1Konings 19:4-8; Ps 34:15-22; Efes 6:10-20;
Joh 6:56-69

SONDAG, 4 AUGUSTUS

09:00 Oggenddiens
DOOP
Kleuterkerk en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Teologiese Kweekskool
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens

GEEN Gemeentetee

MAANDAG, 5 AUGUSTUS

18:00 Kooroefening
19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 6 AUGUSTUS

09:30 Senior Burger Bybelstudie
19:00 Eiendomme kommissie vergadering

WOENSDAG, 7 AUGUSTUS

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Biduur
19:00 Erediens en aanbidding kommissie vergadering
19:00 Fondse kommissie vergadering

DONDERDAG, 8 AUGUSTUS

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Mari Bothma, Ronel le Grange, Roesan Lewis, Lyta van Wyk,
Jacomina Swart, Surina Viljoen

VRYDAG, 9 AUGUSTUS

NASIONALE VROUEDAG

SATERDAG, 10 AUGUSTUS

SONDAG, 11 AUGUSTUS

TWAALFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad
Erediensspan 2 – Elsa Welman


GEEN Kleuterkerk en Kinderkerk

GEEN Senior Kategese

GEEN Gemeentetee na afloop van die oggenddiens

GEMEENTENUUS

1. Die volgende babatjies word vanoggend gedoop:
 - WJ Burger, seuntjie van Wimpie en Margie
 - Lenelle Barnardo, dogtertjie van Lodewiek en Yolanda. Grootouers is ds Chris en Carina Barnardo en Estelle Britz, Agter-grootouers is Anita du Preez en Chris en Elsie Els.
 - Jean Vlok, seuntjie van Daniel en Isabel Vlok. Grootouers is Michael en Zita Prins.
2. Alta van Zyl (Zevendal) is oorlede. Ons dink aan Joos, Charl, Lizelle en familie. Sy was Wilma Matthee (van Bruggenstraat) se suster.
3. Derick Summers (Olivierstraat) ondergaan Maandag 'n operasie.
4. Hein Gericke (Krisantsingel) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
5. John Marais (Brackenfell) is in die hospitaal.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes is die naweek af.
2. Die Wes Kaaplandse Sinode het 'n pos vir Bestuurder Argief op Stellenbosch. Sien die kennisgewingbord in die voorportaal vir meer inligting of kontak die kerkkantoor. Sluitingsdatum vir aansoeke is 12 Augustus 2024.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 04/08 Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche, Sylvia Lötter
05/08 Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough, Dawie Maas(92),
Cesc Bowers, Wilna van der Merwe
06/08 Annalien Volschenk, Mark Lewis
07/08 Maatjé van der Westhuizen(93), Francois Maritz(81), Eloma Lloyd,
Hyla Harmse(82), Alé Johannes
08/08 Janré Nieuwoudt, Juanita Horn
09/08 Elsa Lombard, Frantz du Raan, Gerrit van Wyk, Petrus Theron,
Gerida Grobler
10/08 Louis Cloete(86), Milana Myburgh



VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Teologiese Kweekskool

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbedding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

Me Amanda van Niekerk | 021 887 6819 | toerusting@sun.ac.za

DE EIKE VROUESONDAG

De Eike vier vanjaar **Vrouesondag** op 18 Augustus. Die prediker by die geleentheid gaan ds. Janine Williams wees, ou bekende op ons kansel.

Die jaarlikse **Vrouedankofferinsameling** vind ook op daardie dag plaas. Koeverte is verlede Sondag by die deure uitgedeel. Indien jy nie 'n koevert gekry het nie, neem gerus self vir jou een. Dit is beskikbaar in die boksies waarin die aankondiging geplaas word.

VROUE WAT GLO *RETREAT*

Saterdag 17 Augustus 2024 by NG Kerk Vredelust, Bellville

Tema: #VrolikEnBly

Sprekers sluit in Wanda Bam, Benescke Janse van Rensburg en Karien Basson.

Om kaartjies te koop of vir meer inligting, besoek die webwerf
www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo

KINDERKERK KONSERT

KNOOP DIE DATUM VAS ~ 30 AUGUSTUS 2024

Welkom De Eike!

Ons hou partytjie.

Trek aan jul dansskoene

De Eike is nommer een

Ons gaan nou feesvier

Ons klap ons hande

Ons dank ons Vader, want

Die Kinderkerk is 10 jaar jonk!!!

Kaartjies @ R100 volwassenes, R50 skoolgaande kinders

Gratis nagereg en koffie/tee tydens pouse beskikbaar.

BRING JOU EIE PIEKNIKMANDJIE EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE *BARNYARD!*

Kaartjies beskikbaar by Riëtta Odendal – 0829040950. Sy sal ook Sondag na die diens tot 10:30 in die saal beskikbaar wees vir kaartjieverkope.

Gou spring, die kaartjies raak vining min!!

JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Aanlyninskrywings vir Jan Kriel Instituut se jaarlikse Tekkie Challenge is oop!

Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid vind Saterdag 7 September by Jan Krielskool plaas. Skryf in vir die familie-vriendelike 5km pretdraf/-stap of een van die langer afstande.

Vir meer inligting, skakel 021 903 0434.

SPESIALE KERKRAADSVERGADERING

'n Spesiale kerkraadsvergadering word gehou op Dinsdag 13 Augustus 2024 om 19:15 in die konsistorie waartydens 'n beroep vir 'n leraar uitgebring sal word.

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

	Mei 2024	Junie 2024	Julie 2024
Maandelikse dankoffers	192 081	214 899	191 695
Totale inkomste	377 321	630 115	290 270
Totale uitgawes	428 254	335 680	329 308
Surplus / (Tekort)	(50 933)	294 435	(39 038)

Junie se hoër totale inkomste en die surplus vir die maand was natuurlik te danke aan die baie geseënde basaar op 1 Junie. Ons kon dus gedurende Julie R14 000 spandeer om broodnodige opgraderings te doen aan die rekenaar by die klankbank in die kerk. Daar is wel voorsiening gemaak vir die uitgawe in die huidige begrotingsjaar. Verder was Julie-maand (wat die syfers betref) seker so doodgewoon as wat enige maand maar kan wees.

Ons het natuurlik ons Vrouedankoffer-insameling gedurende Augustus. Neem gerus 'n koevertjie by die kerkdeure indien jy nog nie een het nie en kom luister saam na ds. Janine Williams op 18 Augustus!

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

BLOKRAAI KOMPETISIE

Kom toets jou kennis van die Bybel en neem deel aan ons kopkrapper blokraai kompetisies. Daar is twee kategorieë naamlik laerskool en tweedens Hoërskool en volwassenes.

Inskrywings en pryse is as volg:

Laerskool: R30 per inskrywing

Pryse: 1ste prys – R500 kontant

2de prys – R300 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys

Hoërskool en Volwassenes: R50 per inskrywing

Pryse: 1ste prys – R1000 kontant

2de prys – R500 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys

Voltooide inskrywings kan saam met die inskrywingsgeld by die kerkkantoor afgegee word of Sondae na kerk in die voorportaal.

Kompetisie sluit die 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.

Inskrywings sal by die kerk beskikbaar wees en ook op al die sosiale media platforms. Versprei die inligting ver en wyd, want enige iemand kan inskryf, selfs buite gemeente grense.

PREEKSKETS

TEMA – RSVP – REAGEER OP DIE UITNODIGING

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Luk 14:15-24



1. Inleiding. In die koninkryk van God word afsprake ook gekanselleer en hierdie gelykenis is 'n illustrasie van die uitnodiging wat God aan elkeen van ons rig om deel te wees van Sy Koninkryk. Maar dan hoor ons die verskonings....
2. Jammer maar.... In verse 18-20 lees ons hoe die genooies een vir een begin kop uittrek met belaglike verskonings. Verskonings wat mense terughou van die koninkryk van God – besittings, werk, verhoudings. Dit is so maklik om wêreldse dinge hoër te ag as ons verhouding met God.
3. God se gasvryheid strek verder as wat ons ooit kan dink. God se uitnodiging is nie beperk tot die wat aanvanklik genooi is nie. God se genade reik uit na almal, veral die randfigure, die mense wat uitgesluit is in die samelewing. Mense wat nêrens gereken word nie. Mense wat oral veroordeel word. God het vir hulle ook plek gemaak.
4. Slot. Hierdie gelykenis herinner ons aan die wonderlike uitnodiging wat God aan ons almal rig om deel te wees van Sy koninkryk. Laat ons nie vasgevang raak in verskonings en wêreldse beuselagtighede nie, maar dat ons eerder met blydschap en dankbaarheid hierdie uitnodiging aanvaar.

RSVP!